

CONTENTS

INHOUDSOPGAWE

1.	<i>Liewe Vriende.....</i>	2
2.	<i>Die Besondere Nalatenskap van William Roe....</i>	4
3.	<i>Then and Now.....</i>	8
4.	<i>Call To Action!.....</i>	11
5.	<i>Announcement.....</i>	12
6.	<i>Words to Ponder.....</i>	12

Redaksie / Editorial Staff

Artikels / Articles:

Ansie Malherbe, Johannes Haarhoff & Anziske Kayster

Redigering / Editing:

Peter Whitlock

Drukwerk en Produksie / Printing & Production:

Denise van Wyk, Katriena Booyen & Letisha Uithaler

Verspreiding/ Distribution:

James van Rhyners & Zenevin Isaks

Liewe Vriende,

Hierdie jaar het ten einde gespoed.

Tyd het ons gegryp en aan ons kop en stert beetgekry en gehardloop, sodat ons nou nog na asem snak, verbeterklouend aan ons gebit en kenbaard.

Tyd en ek is nie vriende nie, want my kompulsief-obsessiewe geaardheid laat dit nie toe nie. Tyd wil nie in 'n blik gedruk word nie. Hy het hierdie aaklige manier om na die hemelruim te gryp en te vlieg sonder voorafkennisgewing. En dit is verseker 'n HY, want geen vrou is so onbedagsaam en betrap jou so onkant nie. Vrouens maak afsprake!

Ons wou so graag hierdie jaar Die Mondelinge Oorleweringe Uitstalling bekend stel, maar is deur tyd en omstandighede ge-pootjie. Ons wou so graag elke dag in die tuin werk, die argief versorg, die Rotskuns-uitstalling verander, maar ons tyd is van ons gesteel deur onge vulde poste en te min geld.

Intussen het my jongste monstertjie drie sentimeter gegroei en het my oudste vir die laerskool koebaai gesê. Hulle word so gou groot, praat ons uit ervaring, want die meeste van ons

weet van huisie-bou en boompies buig.

Die tyd waarin in ons leef klap my soms met die waarheid van die Bybelse Openbaring, amper soos dié van Siener van Rensburg! Maar omdat hierdie tyd van die jaar ons tot op die knieë van nabetraging dwing, kan ek nie anders as om dankbaar te wees dat my tyd nog nie *tot het einde* gekom het nie. Met elke verjaarsdag is die wens wat ek en my ou moedertjie deel dat ons genoeg tyd sal hê om al ons prate klaar te praat, wetend dat ons vir die onmoontlike wens. Ons sal mos nooit klaar gepraat wees nie, daar lê te veel op ons harte. Dan wens ek die tyd staan stil.

In die tyd van lang gelede het ons plaasskooltjie-kindere die bus volgepak en die lang rit van Wolseley na die Kaap aangepak. Ek het 'n mintgroen en polka-dot *outfit* spesiaal vir hierdie geleentheid gekry en 'n baaibroek, want ons sou later in die see gaan swem. Die rit was lank en my padkos op toe ons in Buitekantstraat opry op pad na Die Kasteel. My belangstelling het getaan toe ek al die soldate in uniform sien. Maar 'n nuwe wêreld van stories wat die verbeelding aangryp het vir my gewag

toe ons gillend van ondraaglike opwinding in die Donker Gat toegesluit word. Vergete was my kloustrofobie want my simpatie met Adam Tas het my oorweldig. Ek kon hom duidelik in my geestesoog sien, verlep en uitgeteer soos net 'n mens wat vir dertien maande in 'n donker gat gekerker was, kon lyk.

Net daar het my liefde vir tyd wat verby was, ontkiem. Baie jare later, na pogings om 'n regsgraad te kry, het ek besef dat my verbeelding nie al die stertjies hoef by te las nie, die verlede vertel self sy eie verhaal deur artefakte en stories. Ek moes net soek. In der waarheid is ek en tyd groot vriende, nie net omdat dit my brood en botter geword het nie, maar omdat ek besef hoe kosbaar tyd is en hoe dit hier binne-in jou kom lê om jou sielsherinneringe te word.

Ek verstaan ook nou beter hoekom jy tot tien moet tel voordat jy jouself oor dinge moet uitlaat wat onmiddellik jou bloeddruk laat styg. Tyd is die wag voor jou mond wat keer dat jy van jouself vergeet en in jou onnoselheid wortel skiet. Ek praat uit ondervinding en word gereeld deur tyd oor die vingers getik. In die meeste gevalle besluit en doen ek in oorleg met tyd. Dit het tyd my geleer.

Die feestyd is hier. Almal gryp na hul kameras om hul herinneringe in beeld vas te vang: onsies en selfies word geneem, strande, voëls, riviere, balonne, karavane, braaivleisvure, tonele oorsee en tuis word op film vasgevang en laat tyd stilstaan. Ek doen graag mee want my aan-en-af verhouding met tyd is nog lank nie verby nie. Geen wonder kameras word soms *time-capturing devices* genoem nie. Kameras vang mos tyd in beeld vas sodat ons dit weer en weer kan geniet. In hierdie uitgawe van *Die Uurglas* fokus ons dan ook heel gepas op kameras en die herinneringe wat hulle stoor.

In hierdie tyd van onbaatsugtige liefde en mededeelsaamheid dink ons aan almal wat hierdie jaar hul tyd aan die museum afgestaan het. Ons besef die waarde van jul opoffering want tyd kan nooit terug gekoop word nie.

Ons wens al ons lesers en vriende 'n geseënde en voorspoedig nuwe jaar toe. Mag tyd jou volgende jaar beloon met die mooiste herinneringe.

DIE BESONDERE NALATENSKAP VAN WILLIAM ROE:

DEUR ANSIE MALHERBE

William Roe, die baie bekende fotograaf, wat sedert 1859-1916 besigheid in Graaff-Reinet gedoen het, het die diamantveld by Kimberley en omgewing besoek en hierdie waardevolle foto's geneem. Hier is bietjie meer inligting oor daardie tydperk in die geskiedenis.

Roe se foto's van die delwerye is 'n bewys dat daar selfs in een van die uithoeke van die Britse Ryk en onder unieke omstandighede fotografie van hoogstaande gehalte beoefen is. Die feit dat Roe met groot moeite vanuit Graaff-Reinet na Kimberley gereis het om foto's van die groot geskiedkundige gebeurtenis te neem, wys daarop dat Roe waarskynlik besef het dat hy 'n groot bydrae kon lewer.

Sy fotografiese nalatenskap is van onskatbare waarde, juis te meer omdat die fotoversameling 'n groot ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika met toewyding gedokumenteer het.

Dit is 'n bewys dat Roe met sy kenmerkende werkywer en pligsbesef wel 'n kolossale bydrae tot die bewaring en behoud van erfenis gemaak het.

Die verhaal van die ontdekking van diamante en die ontstaan van Kimberley is al deur baie skrywers vertel. Die romantiek van die era kry groot aftrek by skrywers, maar dit is belangrik om te onthou dat baie van die pioniers van daardie tyd met hulle lewe geboet het in hulle poging om Suid-Afrika se mynindustrie op die been te bring. Die bydrae wat fotografe in daardie eerste jare van die delwerye gehad het, moet ook nooit onderskat word nie.

Van die vroeëre fotografe was van nature avonturiers en swerwers. Nie baie van hulle het suksesvolle besighede op die platteland bedryf nie en hulle is gedwing om tussen verskillende dorpe rond te reis en het groot afstande afgelê. Soms het hulle lang reise in hulle waens onderneem. Hierdie waens is as tydelike foto-ateljees ingerig. 'n Reis vanaf Cradock na Bloemfontein, en vandaar na Potchefstroom en weer

terug na klein dorpiens, het deel van hulle werksverpligtinge geword (Bull & Denfield 1970:130-131).



Delwerye naby Kimberley. (Foto C.1870)

Die ontdekking van diamante het fotografe na die delwerye laat stroom. Die meeste van hulle het self gedelf, maar het hulle kameras altyd byderhand gehou en ook die verskillende kampterreine besoek en gefotografeer. Teen die einde van 1872 het ongeveer 12% van die Kaapse fotografe al besoek by die diamantveld afgelê (Bull & Denfield 1970:131).

Roe het aan die einde van 1869 na die Diamantveld vertrek. Dit sou die eerste van vele besoeke aan die gebied wees. Die foto's wat Roe van die Pniël-delwery in 1869 geneem

het, word beskou as van die eerste fotografiese rekords van die Diamantveld. Roe het in 'n brief aan sy vriend Sidney Rabone geskryf: "My old Kimberley views are often of interest – they are unique. I have made several copies of late of what I have left of the plates...." (Bull & Denfield 1970:132).

In November 1870 het Roe na Graaff-Reinet teruggekeer ná sy tweede kort besoek aan Kimberley en omgewing. Sy panorama-foto's is baie hoog aangeskryf vir hulle kwaliteit. Hulle het ook die omstandighede waaronder die delwers gewoon en werk het goed weergegee en sy foto's was sover as Kaapstad in aanvraag. Mense het die foto's vir hulle vriende gewys en die *Graaff-Reinet Advertiser* het die fotoversameling bemark. Slegs 'n paar maande later is 'n groot panorama-foto en verskeie kleiner foto's na Londen gestuur waar dit in die venster van die *Tomahawk Refreshment Rooms* uitgestal is. Die uitstalling was so groot dat dit die diamantdelwery uit alle rigtings getoon het.


Hierdie fotoversameling was baanbrekerswerk, want dit het die eerste keer vir mense in Engeland geïllustreer wat op die Diamantveld in Suid-Afrika gebeur (Bull & Denfield 1970:135-136).

Soos reeds gemeld, het Roe kort na die begin van die groot uittoeg na Kimberley en omliggende delwerye (1869), ook vanuit Graaff-Reinet daarheen vertrek. Hy het sy besittings en fotografiese benodighede op sy eenperd-waentjie gelaai en baie foto's vanuit hierdie waentjie geneem. Oop na die Diamantveld het sy wa gereeld gebreek.

Hy het herhaaldelik die waentjie waar dit stukkend en soms sonder wiel in die veld staan, gefotografeer en eie aan sy positiewe geaardheid het hy die foto die volgende byskrif gegee: "Stopped for want of the Circulation Medium" (*Lantern* 1989:55-56).

Die Roe-foto hieronder van die woonplek van die delwers het ook baie aandag getrek, want dit het die lewe op die delwerye goed vasgevang. Die tente en waens waarin die delwers gewoon het, is duidelik sigbaar. Daar verskyn mense

van verskillende rasse en geslagte op die foto.



Die lewe in die delwerskamp by Kimberley. C. 1870

Volgens Bull en Denfield het die reeks Roe-foto's oor die Diamantveld die verskillende aspekte van die delwerye goed weerspieël. Benewens die waens en tente het Roe se foto's ook die groot rotsblokke gewys waarmee die delwers hulle kleims afgebaken het. Daar was ook stalletjies waar mense goed te koop aangebied het. Op een so 'n stalletjie is die woord *Store* geverf wat die teenwoordigheid van kleinhandel in die westerse ekonomie aandui. (Bull & Denfield 1970:136).

Karel Schoeman skryf dat baie van die fisiese mynaktiwiteite by die diamantmyne en kleims deur swart arbeiders van reg oor die land en selfs

uit ander dele van suidelike Afrika, uitgevoer is. Volgens hom was daar ongeveer 50 000 arbeiders per jaar werksaam op die diamantmyne. Hulle is sodoende in die westerse ekonomie ingetrek en het baie van hulle tradisionele stamgebruike verwaarloos. Die mynwerkers is gedwing om saans na werk al hulle klere uit te trek sodat hulle vir diamantdiefstal ondersoek kon word. Volgens Schoeman bestaan daar 'n reeks foto's van hierdie onmenslike behandeling van swart mynwerkers (1996:83-84).

In die *Illustrated London News* van Maart 1872 is die eerste foto's van die delwerye in Suid-Afrika gepubliseer. Dit was 'n afdruk van 'n Roe-foto (Yeld 1986:3).

In 2006 het mnr Koos Hanekom, toe reeds 82 jaar oud, sy herinneringe aan die lewe in 'n delwerskamp neergeskryf en dit word net so aangebied soos wat hy dit self opgeteken het. Dit is belangrik dat sulke waardevolle vertellings soos dié van mnr Hanekom vir die nageslag bewaar bly. Hy skryf soos volg:

“It was quite a hard life. We lived in shanty towns, complete with corrugated-iron school and church, and small self-built portable houses bolted together from sheets of corrugated zinc. These humble dwellings were hot in summer, cold in winter, and lit at night by candles and Laurel Paraffin lamps.”

“A digger bought a claim, a square or circular piece (as in Kimberley) of yellow diamond-bearing clay called “dry diggings”, and worked it as fast and as deep as possible, right through the second layer or “blue ground”, which indicated the top of a diamond-bearing gravel pipe. Once a claim was registered, we had a threefold process. Firstly, we loaded the mixing barrel with ground and water, and turned the side handle until sludge called puddle, or “porrel” in Afrikaans, came out of the “porrelgat” at the front. This went onto a circular sieve-like rotary pan, which allowed the heavier minerals, including diamonds, to settle at the bottom, with the muddy water running through. This gravel was then tipped on a sorting table and spread open with a trowel, so

that a woman or man with a good eye, the expert in the family, could sort out the diamond fragments.”

“We children used to wander away from the claims, to go and dig in the riverbeds ourselves, and we sometimes got more diamonds there than our parents did! Sometimes there were thousands of prospectors, digging all day and most of the night, and we had our share of dances on weekends in the many clubs that sprang up like mushrooms, of parties and fights and hard workers and loafers, for one good diamond could support a whole family for a week. Yes, those were hard days, but good days, an era in which good, honest men worked extremely hard and got rich, if they were lucky. Others lost it all, to gambling and women and drink. When I was nine years old, the Great Depression struck, and we had to move to Johannesburg” (Hanekom 2006).

Ansie Malherbe, Waterval
Oktober 2015

THEN AND NOW

GRAAFF-REINET – ROSMEAD RAILWAY LINE

William Roe was a professional photographer (1827 – 1916) who lived and worked in Graaff-Reinet from 1859 until his death at the age of 89. When new owners moved into his old photographic studio somewhere in the 1960s, thousands of images were abandoned to the back yard, where they were fortunately found and saved in the 1960s. The roughly 3000 images thus saved, are now in the custody of the Graaff-Reinet Museum and an important resource for historians.

Fast forward to 2014, when Eric Conradie entrusted an old, partly ruined photo album to me that was sent to him years before from East London, where it was discovered in a storeroom. The album contained images of the construction of the railway line from Graaff-Reinet to

Rosmead (called Middelburg Road at the time) between 1896 and 1898. When the images were shown to Dr Ansie Malherbe (her recent doctorate focused on the photographic heritage of William Roe) and Ms Anziske Kayster (head of Graaff-Reinet Museum), they instantly recognised them as William Roe images. They recognised some specific images, but the majority they have never seen before. The neatly printed captions in white ink are a William Roe trademark.




Meanwhile, I have contacted some of the farmers along the railway line to get permission to walk or drive along the line to take pictures. The first farm to the north of Graaff-Reinet is Roodebloem, where the Murray family has been farming for more than a century. On the 1st of May 2015, Tim Murray and I walked sections of the line to find the specific spots where William Roe had taken his pictures 117 years ago. The first surprise was to find the “Sitting Hen Rock” intact, believed to have disappeared. The second,

remarked on by Tim and his father Everitt, is how little the vegetation has changed during this time. It should be noted that the line was extensively rebuilt around 1969. The clearance between track and the rock faces of the cuttings was increased, changing the character of the rock faces somewhat. Culverts were substantially rebuilt. The old wooden sleepers were all replaced by steel (except on some curves), with the steel sleepers marked COLVILLE 1949.

The line from Port Elizabeth to Graaff-Reinet was completed in 1879, celebrated with one of the largest festivals the town had ever seen. This happened during the time when William Roe was around, so it is a given that he must have taken numerous photographs of that line. To find these pictures, and to also check for related pictures at the Transnet Heritage Library, is an interesting next challenge!

Johannes Haarhoff
May 2, 2015

SOME COMPARISONS NOTED BY PROF. HAARHOFF:





Graaff-Reinet MUSEUM



Supported by The Department of Sport, Recreation, Arts & Culture

(Incorporating Reinet House, The Old Library, Urquhart House, The Old Residency and The Military History Museum)

P.O. Box 104, Graaff-Reinet, 6280 Tel: 049 892 3801 Fax: 049 892 5650

November 2015

Dear Friends of the Graaff-Reinet Museum

CALL TO ACTION!

We appeal to you to pay your yearly subscription of R30 as a friend of our museum. Most of you have paid the R200 lifelong membership fee many many years ago, but unfortunately this amount has lost its significance over the years and the implication is that the museum does not receive any financial support from many subscribers.

We are presently experiencing very difficult times at our museum, a Graaff-Reinet heritage institution to be proud of. In the last six years we have lost five staff members which the Provincial Department of Sport Arts and Culture has not replaced. Despite the challenges we are still managing to keep our 5 buildings open and are doing our best to attract visitors and organise events. Ever rising costs and a non-escalating Departmental subsidy have stretched our ability to remain one of Graaff-Reinet's main tourist attractions to the limit.

You may have noticed that our buildings are in need of paint. We so want to make them presentable to the public but struggle to allocate realistic sums to our building maintenance budget. We urgently need funds, but we also need friends who we can call on for help. Will you be a Friend please?

Kind regards

**Peter Whitlock (Chairman, Board of Trustees) on behalf of The Museum Board,
Management and Staff**

ANNOUNCEMENT

Re-location of The Graaff-Reinet Tourism Office:

We are very happy to announce that the move of the tourism office to The Old Library was completed with great success and already a marked increase in visitor numbers is noticeable. We all worked very hard and with much laughter and fun, managed to have the new offices and the museum ready to receive visitors before the end of November.



Aunty Pat And Trix hard at work

The staff stretched themselves and moved exhibitions around, putting heads together to come up with solutions to old display problems. The end result was quite satisfying. Not only are we extremely excited about

this new venture, we also look forward to a long and rewarding partnership.



The Long Road to Restitution Exhibition now housed in the conference hall



The new doorway to the Rock Art Room

WORDS TO PONDER:

